National Institute for the Deaf
Since 1881

30 De la Bat Road, PO Box 941
Worcester 6849, South Africa
+27 (0)23 110 0145
www.nid.org.za

Developing the full potential of persons with hearing loss

Vooruitgang en ontwikkeling van NID se Opleidingsafdeling

Ons verduidelik graag hoe die opleidingsafdeling van NID ontwikkel het tot die vlagskip selfstandige, onafhanklike, inklusiewe private opleidingsverskaffer van die nuwe QCTO gebaseerde vaardigheidsprogramme wat ook gemik is op werkskepping vir persone met gestremdhede.

Die fokus op opleiding van persone met gestremdhede, insluitende Dowes en persone met gehoorverlies, het veroorsaak dat die opleidingsmodelle en die befondsingsmodelle vir vaardigheidsopleiding in hierdie mark ‘n positiewe groei periode beleef. Om hierdie groeimoontlikhede ten volle te benut, het NID besluit om ons model ook aan te pas sodat ons nie deur stagnasie die groei periode mis nie.

Ons is trots op dit wat oor die laaste jare in die NID Opleidingsafdeling ontwikkel is en is dankbaar vir die insette wat almal betrokke by die projek, oor die jare gelewer het om die afdeling te ontwikkel tot die volwasse instansie wat NID Training NPC vandag is. Oor die tydperk het die model verander van ‘n kampus model na ‘n model waar opleiding nader aan die werksplek, werkskeppers en indiensneming geneem word.

Hierdie veranderinge het NID Training NPC genoodsaak om hulle model ook aan te pas wat beteken het dat die huidige geboue op die NID kampus in Worcester nie meer die beste fasiliteite is om die model te dien nie. Die hoofkantoor van NID Training NPC bly nog in Worcester hoewel hulle skuif na ‘n kleiner meer geskikte kantoor-opset. Die nuwe, QCTO standaard, opleidingsfasiliteite verskuif na Parow om ‘n groter mark te bedien tesame met die tydelike fasiliteite in die ander provinsies.

Ons verwys alle belangstellendes na die skakel na NID Training se nuutste jaarverslag vir die ware weergawe van wat NID Training vandag vermag - https://nidtraining.org.za/info-hub/.

Hierdie positiewe ontwikkeling wat reeds ‘n groter impak toon, insluitende ‘n groei in die aantal Dowes en persone met gehoorverlies wat bereik word, het tot gevolg dat die geboue op die NID kampus wat voorheen deur Opleiding beset is, nou beskikbaar is vir nuwe gebruikers. Ons vertrou dat ‘n geskikte gebruiker na vore sal kom om hierdie pragtige fasiliteite te benut om as fasiliteit of finansieel ‘n bydrae te maak tot die werk wat NID doen.

NID-National Institute for the Deaf NPC (Reg 1999/009816/08) | PBO nr. 130002634 | NPO nr. 009-265
CEO: JJ van Deventer. Directors: JR Malan (Chairman); JHC Erasmus (Vice Chairman);
JJ van Deventer (Ex Officio); GD de la Bat; JS Kellerman; SM Maepa; BC Phillips; PJ Prins; BE Wanza.